Groeigroep- en Huisgeloof materiaal

ONE HEART 1 – Een hart vir mense

OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen en vra mekaar af wat julle verwagting is van die reeks wat voorlê.

_____

_____

_____

KOM ONS BEGIN

As julle die woorde “Een hart” hoor, wat kom by julle op?

_____

_____

_____

Een hart vir God, hoe sou julle dit met enkelwoorde kan opsom?

_____

_____

_____

KOM ONS LEES

Lukas 24:13-35

INHOUD & GESPREK

Kleopas en sy reisgenoot is oppad na Emmaus. Hierdie is ‘n klein dorpie sowat 12km vanaf Jerusalem. Hulle gesels oor alles wat gebeur het die afgelope tyd in Jerusalem.

Wat sal julle sê gaan in hierdie twee mense se hart aan?

_____

_____

_____

Het hulle vanuit hulle logika gepraat of met geloof? Hoekom?

_____

_____

_____

Wat dink julle is God se hart vir ons as mens?

_____

_____

_____

Hoe dink julle moet ons hart vir God wees?

_____

_____

_____

Wat verhoed ons om ‘n hart vir God te kry?

_____

_____

_____

UIT SONDAG SE EREDIENS

Om ‘n hart vir God te kry is om by Kleopas en sy reisgenoot te gaan leer. Gesels oor die punte en probeer dit prakties vir julle maak.

1. Wanneer jy meer begeer van Jesus, sal Hy jou vind
2. Jesus neem hulle terug na die Woord
3. Die Woord is die sleutel om God werklik te leer ken
4. Gemeenskap met God bring nuwe perspektief
5. Hulle het verlang dat Jesus by hulle sal bly
6. Wanneer jy Jesus ontmoet sal jy weer met passie oor Hom praat!

_____

_____

_____

AFSLUITING

Bid dat die Here julle in die reeks sal begelei tot ‘n dieper verstaan, ‘n soeke en begeerte vir Jesus Christus. Mag ons God se hart ontdek en ons hart terugdraai na Hom.